

# Die grondslag en relevansie van die gereformeerde kerkreg as teologiese wetenskap

A. le R. du Plooy  
Departement Ekklesiologie en Dogmatologie  
Potchefstroomse Universiteit vir CHO  
POTCHEFSTROOM

## Abstract

### The foundation and relevance of Reformed church polity as theological science

*This article deals with the underlying methodological principles and relevance with regard to Reformed church polity and focuses on the following aspects: a definition of Reformed church polity; an identification and explanation of the sources and norms concerning church polity; the task and field of research. Furthermore, some important and fundamental elements or pillars on which Reformed church polity rests are examined. The principles discussed in this manner form the parameters for the study and development of Reformed church polity.*

## 1. Inleiding

Dit het noodsaaklik geword dat daar meer indringend oor die grondslag en relevansie van die gereformeerde kerkreg besin word. Die redes hiervoor is onder meer die volgende:

- \* Vanuit kerklike oogpunt beskou, is dit vir die kerk van Jesus Christus van besondere belang dat teologiese nadenke, navorsing en besinning oor die wyse waarop die Christusregering in die kerk gestalte behoort te verkry, steeds sal voortgaan; dit gaan hier om die *ius constituendum* oftewel om die reg soos dit in die kerk behoort te wees. Dit impliseer dat die *status quo*, of die *ius constitutum*, steeds krities onder oë gesien moet word. Hierdie aspek raak meer die inhoud van die vak Kerkreg, en tog kan nadenke oor die grondslag en relevansie van die kerkreg as teologiese wetenskap nie van die inhoud van die vak Kerkreg losgemaak word nie.

- \* Vanuit wetenskapsteoretiese hoek gesien, het dit van aktuele belang geword dat die kerkreg as teologiese wetenskap homself moet kan verantwoord oor sy uitgangspunte, grondbeginsels, bronne, voorveronderstellinge, funksie en taak (vgl. Vergeer, 1993:563-582). Nauta (1971:38) het reeds meer as twee dekades gelede – teen die agtergrond van die ontwikkeling van die Protestantse kerkreg in Duitsland – die versugting geuiter dat vanuit die gereformeerde teologie ernstige besinning oor die grondslae van die kerkreg sal moet plaasvind. Sedertdien het wel ’n aantal publikasies oor die gereformeerde kerkreg verskyn, maar die indruk wat daarin gewek word, is dat daar nog bepaalde onsekerhede is, byvoorbeeld oor die eintlike grondslag van die gereformeerde kerkreg, oor die Skriftuurlike kerkbegrip en oor die besondere relevansie van die gereformeerde kerkregering.
- \* Van’t Spijker (1992:995-997) wys daarop dat die geestelike klimaat van die *Aufklärung*, veral teen die begin van die 19de eeu, ’n groot invloed op die kerkregtelike denke uitgeoefen het. Hy meen dat die denke van die *Aufklärung* vandag grootliks herlewe omdat op pragmatiese wyse, volgens die behoefte van die tyd en omstandighede, en vanuit ’n outonome mensbeskouing oor die kerk en die kerkreg nagedink word. Die prinsipiële besinning vanuit die Skrif is deur die mondige mens van die rasionalisme opsy geskuif. Dit is noodsaaklik dat vanuit die gereformeerde kerkreg in die lig van die Woord van God ’n korrektyf gestel moet word, omdat die spiritualistiese en sosiologiese benaderingswyses verwarring op die terrein van die kerkreg veroorsaak.
- \* Daar het ’n spanning ontstaan tussen die kerklike struktuur en die boodskap van die kerk, en daarom word twee uiterstes waargeneem: enersyds ’n spiritualistiese versmalling van die kerkreg, waarin die Gees en Woord teenoor mekaar gestel word en die werk van die Gees en die charismatiese aspek eensydig beklemtoon word. Andersyds kan ’n sosiologiese aanpak bemark word waar die kerklike organisasie ’n saak vir die menswetenskappe geword het en waarin die teologiese opvatting van die kerk deur ’n gesekulariseerde opvatting oorwoeker word (Van’t Spijker, 1992:996-997).
- \* ’n Ander aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, is die geweldige belangstelling vir die praktiese teologie. Spoelstra (1992:299-320) wys in ’n artikel op die dilemma tussen praktiese

teologie en ekklesiologie. Volgens hom lyk dit asof die ekklesiologie vandag al minder belangrik geag word omdat dit teorie sou behels en praktiese teologie al hoër aangeslaan word omdat dit kerklike handeling en lewe oftewel die praktyk sou raak. Dit lyk daarom belangrik dat daar 'n beter begrip vir die relevansie van die gereformeerde kerkreg as wetenskap sal wees.

My bedoeling is nie om op polemiese wyse in gesprek te tree met verskillende aksente en benaderinge nie, maar om eerder meer teties te werk te gaan.

In die artikel poog ek dan om op enkele kernaangeleenthede te konsentreer:

- \* Wie se verantwoordelikheid is dit om die teologiese grondslag van die kerkreg te ondersoek en vas te stel?
- \* Wat is kerkreg, en die ensiklopediese plek van kerkreg in die teologie?
- \* Wat is die bronne, die norme en uitgangspunte vir die kerkreg?
- \* Wat is die funksie en taak van die kerkreg?
- \* Enkele bakens vanuit die Skrif vir die kerkreg.

## **2. Wie het die taak om die grondslag te bepaal?**

### **2.1 Wetenskapsleer**

Die vraag oor wie se verantwoordelikheid dit is om vas te stel wat die grondslae van die kerkreg is, hang saam met die vraag na wat wetenskap is aangesien dit die tipiese aard van wetenskap is om hom met vrae oor die grondslae, aard, metodes en grense van die wetenskap besig te hou. Daarom hoort besinning oor die grondslae tuis by die wetenskapsleer of wetenskapsteorie wat die wetenskap self as voorwerp van studie het.

### **2.2 Filosofie en teologie**

Ouweneel (1989:11, 21; 1993:35), as eksponent van die Wysbegeerte van die Wetsidee, meen dat die “wysbegeerte nou eenmaal die wetenskap is wat hom met die grondslae van die vakwetenskappe besig hou”. Hy meen dat die lyne van die Skrif na die vakwetenskap deur die pad van die filosofie loop.

Hierteenoor meen Heyns en Jonker (1974:16, 17) dat die wysbegeerte hom nie die reg mag aanmatig om alleenseggenkap oor die wetenskapsleer te hê nie. Hulle meen dat dit by elke wetenskap self tuishoort. Wetenskapsleer is volgens hulle 'n interwetenskaplike dissipline waarby elke wetenskap deur middel van wisselwerking met die filosofiese wetenskapsleer sy eie wetenskapsleer opstel.

Anders as Coertzen (1991:120-135) wat as teoloog in meer as een bydrae oor die metodologie en bronne van die kerkreg besin het, en van oortuiging is dat die Skrif die alleenbepaler vir die prinsipes in die kerkreg is, meen Strauss (1991:23-34) dat die filosofie hierin 'n belangrike medebepaler is. Vir Strauss is die Bybel en die filosofie albei medebepalend omdat sy onderliggende gedagte is dat wetenskapsleer slegs op die terrein van die filosofie lê.

Die probleem is egter dat net so min as wat 'n teoloog eers 'n filosoof hoef te wees of kan wees om oor die wetenskaplikheid van sy besondere vakgebied na te vors, net so min kan of hoef 'n filosoof 'n teoloog te wees wanneer hy met sy filosofiese vakterrein besig is – tensy die filosoof meen dat filosofie per definisie pan-filosofies van aard is.

Vanweë die eenheid van die wetenskap (Stoker, 1970:123-180) en op grond van die afwysing van pan-filosofisme (Stoker, 1961:240-244) asook die aanvaarding van die hulpdiens wat verskillende wetenskappe aan mekaar moet verleen waar elkeen 'n eie veld van ondersoek het, kan gestel word dat 'n spanning tussen teologie en filosofie onnodig en irrelevant is.

Wanneer die teoloog homself met die fundamentele vrae oor sy vakwetenskap besig hou, is hy reeds as teoloog met sy vak besig – en oop vir die insigte van ander wetenskappe, byvoorbeeld die filosofie. Hy pretendeer nie om alleeninsig in die openbaring van die Skrif te hê nie, maar laat hom besonderlik lei deur die Skrif wat sy besondere veld van ondersoek is. Wanneer (veral die Christelike) filosoof hom met die wetenskapsfilosofie besig hou, is sy besondere veld van ondersoek die filosofie van die vak, en nie die vak as sodanig nie. Omdat die grondslae reeds deel is van die vak self, behoort die filosoof hom op sy beurt weer te laat lei deur die teologie (vgl. Stoker, 1940:293-331).

### **2.3 Taak van die kerkreg as teologiese wetenskap**

Op die vraag wie verantwoordelik is vir die vasstelling van die grondslae van kerkreg kan geantwoord word dat die kerkreg as teologiese wetenskap

self die primêre verantwoordelikheid het. In soverre die wetenskapsfilosofie hieroor bydraes gelewer het, behoort daarvan kennis geneem te word. Dit is egter belangrik dat terwyl kerkreg een van meer teologiese dissiplines is, die kerkreg as wetenskap met vrug van die resultate van die bibliologie en dogmatiek gebruik moet maak – sonder om daarmee te beweer dat die kerkreg nie ook selfstandige eksegese moet doen en met die dogma en konfessies van die kerk vertrouwd moet wees nie.

Dit het vanweë die geweldige aksent wat vandag op die praktiese teologie of diakoniologie geplaas word, en vanweë die verwarring wat oor die terreine van ondersoek tussen veral praktiese teologie (diakoniologie) en ekklesiologie ontstaan het (Spoelstra, 1992:299-320; Te Velde, 1989) noodsaaklik geword dat daar ook met hierdie teoloë en vakgebiede in gesprek getree word.

## 2.4 Kerkreg en regs wetenskap

'n Ander relevante vraag is wat die verband tussen kerkreg en die regs wetenskap is, en of die regs wetenskap nie behoort mee te spreek wanneer oor die grondslae van die kerkreg nagedink word nie.

Prinsipieel beskou is dit waar dat daar geen wesenlike onderskeiding (skeiding) tussen verskillende soorte reg (soos kerkreg, staatsreg, strafreg, tugreg ens.) gemaak kan word nie, omdat die ganse skepping onder die reg en regering van God self staan. Alle ryke, dié van die wêreld en van die kerk staan onder die gesag van die Woord van God en onder die heerskappy van Jesus Christus aan wie alle mag in die hemel en op aarde gegee is (Van Drimmelen, 1990:204-205). Roeleveld (s.j.:19) wys byvoorbeeld daarop dat die sogenaamde reëls van natuurlike geregtigheid in ander bewoordinge in die Skrif self gevind word.

Tog is dit so dat die kerkreg *sui generis* is omdat die kerk 'n unieke aard het (Kuyper, 1909:244). Van geen ander besondere gemeenskap naas die kerk word dit byvoorbeeld gesê dat dit die liggaam van Christus is nie. Van hierdie liggaam is Christus die Hoof – wat onder meer beteken dat Hy self deur sy Woord en Gees regeer (Ef. 1; Heidelbergse Kategismus, Son-dag 48). In die kerk bepaal God alleen wat reg is, gee Hy aan ons in sy Woord en onder leiding van die Gees die bevoegdheid (*potestas*) en taak (*ministerium*) om die reg en die orde in en vir die kerk vanuit die Woord na te vors en te formuleer, en om sodoende aan die Christusregering van die kerk diensbaar te wees (vgl. Smit, 1985:281-284; Pienaar, 1982:271).

### **3. Kerkreg as teologiese wetenskap**

#### **3.1 Wat is kerkreg?**

##### **3.1.1 Gereformeerde opvatting**

Haitjema (1951:9) meen dat daar volgens die gereformeerde-Protestantse opvatting geen twyfel daaroor bestaan dat die kerkreg 'n teologiese vak is nie.

Die rede hiervoor is toe te skrywe aan die gereformeerde standpunt dat alle ware kerkreg in die Heilige Skrif gewortel moet bly en dat die belydenis oor die kerk die normerende grondlyne vir die kerkreg gee (Haitjema, 1951:9-10).

Omdat teologie 'n wetenskap is wat die Woord van God as sy besondere openbaring aan die mens bestudeer sodat die mens tot kennis van God en van sy verhouding tot alle geskape dinge (kosmos) kan kom, is die kerkreg ook 'n teologiese wetenskap. Die kerkreg ondersoek in die geïnspireerde Woord van God onder leiding van die verliggende werking van die Heilige Gees die normatiewe voorskrifte, gegewens, reëls en grondlyne wat God met die oog op die ordelike en opbouende regering vir sy kerk gegee het. Hierdie standpunt is eie aan dié van Calvyn en van 'n groot aantal teoloë wat in die Calvinistiese tradisie staan.

Calvyn kan eintlik as die argitek van die gereformeerde kerke en as die vader van die gereformeerde kerkreg beskou word aangesien hy die kerk wou inrig volgens die gegewens van die Skrif waarin Christus as die eintlike argitek bekend gemaak het hoe Hy sy kerk wil regeer en opbou. In boek 4 van die *Institusie* van Calvyn handel hy in detail hieroor, en telkens word dit duidelik dat die kerk in die kerkregering nie moet afwyk van die voorskrifte wat ons in die Skrif vind nie (vgl. Wallace, 1988:133-146 oor Calvyn as die argitek van die kerk). Selfs die menslike insettinge in die kerkregering moet volgens Calvyn geheel en al goddelik (*prorsus divinae*) en daarom aan die Skrif ontleen wees (*Institusie*, 4, 10, 30; Plomp, 1967:14).

Calvyn se standpunt dat die kerk “'n ware en wettige instelling (konstitusie)” (*Institusie*, 4, 12, 2) en 'n welgeordende regeringsvorm moet hê (*Institusie* 4, 10, 27), het 'n lang ry navolgers gehad.

Voetius (1663-1676) het die kerkreg soos volg beskryf: *scientia sacra regendi ecclesiam visibilem* (vgl. Bouwman, 1928:10). Bekende gere-

formeerde kerkregtelikes soos Rutgers (vgl. Rullman, 1918:125), Kuyper (1909:231-248), Bouwman (1928:10-15), Jansen (1947:6-7) en Nauta (1971:16) – om enkeles te noem – is dit almal eens dat die kerkreg nie die aaneenskakeling van wette en reglemente behels nie, maar dat dit die teologiese wetenskap is wat die reëls vir die argitektoniek van die kerk (as gebou) asook die reëls vir die gedrag en lewe in die gebou moet navors. Dit moet die reg van God wat in die kerk geld en behoort te geld vanuit die Skrif bestudeer.

Coertzen (1991:156-166) toon in 'n oorsig oor die standpunte van Suid-Afrikaanse gereformeerde teoloë aan dat daar geen twyfel oor die teologiese aard van die kerkreg bestaan nie.

In hierdie verband kan onder meer verwys word na Heyns en Jonker (1974:286-288) wat kerkreg as 'n teologiese wetenskap beskryf – 'n wetenskap wat die volgende bestudeer:

- \* Die grondbeginsels van die vak soos dit in die Skrif geleer word (die *ius constituendum*).
- \* Die geskiedenis van die vak.
- \* Die geldende orde (*ius constitutum*) van 'n bepaalde kerk.

(By punt 5 word verder hieroor uitgebrei.)

Pont (1981:6-18), Van der Linde (1965:32; 1978), Spoelstra (1989:1-10), Smit (1985:305), Coertzen (1991:152-166) en andere gereformeerde teoloë staan – globaal beskou – almal in dieselfde linie van kerkregtelikes wat die kerkreg as 'n teologiese wetenskap sien.

### 3.1.2 Opvatting volgens die Duitse kerkreg

Dit is van belang om op te merk dat die kerkreg in Duitsland eerder as 'n juridiese wetenskap beskou word. In hierdie eeu het daar in Duitsland die sogenaamde regsteologie ontstaan wat – hoewel dit die kerkreg steeds as 'n juridiese wetenskap beskou – op die teologiese begroning van die kerklike reg konsentreer (Coertzen, 1991:155). Vir 'n oorsig oor die ontwikkeling van die Duitse kerkreg en die worsteling om aan die tradisionele skeiding van die twee ryke van Luther asook aan die gepaardgaande spanning tussen kerk en reg (soos dit veral by Sohm voorgekom het) te ontkom, kan verwys word na Smit (1985:269-283), Coertzen (1991: 55-166) en Bakker (1990:32-42).

Dit word die gereformeerde kerkreg soms ten laste gelê dat dit besig is om te stol en dat gereformeerde kerkregtelikes eintlik geneig is om bekende beginsels opnuut te beklemtoon. As voorbeeld van 'n dinamiese ontwikkeling word dan na die Duitse kerkreg verwys (Botha, 1993:1-7).

Die probleem is egter dat hiermee twee onvergelykbare sake met mekaar vergelyk word, naamlik die Lutherse en Calvinistiese tradisies. Die ontwikkeling in die geleedere van die belydende kerkreg is inderdaad iets om voor dankbaar te wees – nie net omdat daar besondere teologiese bydraes gelewer word nie – maar veral omdat daar ten opsigte van die grondslae 'n beweging in die rigting van die Calvinistiese grondbeginsels te bespeur is deurdat die Skrif as norm en maatstaf geneem word vir die regering van die kerk (vgl. Coertzen, 1991:157).

Uit die oorsig oor die kerkregtelike ontwikkeling in Duitsland voor, tydens en na die Tweede Wêreldoorlog waaraan skrywers na wie hierbo verwys is aandag gegee het, blyk dit duidelik dat – met Luther se twee-ryke-leer en die radikale grens tussen die sigbare en onsigbare kerk as agtergrond – daar 'n dualisme tussen die sogenaamde geesteskerk en regskerk gekom het. Hiervolgens het Sohm gemeen dat aangesien die reg wesentlik wêreldlik van oorsprong en aard is, dit met die wese van die kerk in stryd is. Harnack het by Sohm aangesluit, en gemeen dat die reg in wese nie religieus-bepaald is nie. Tog het hy die reg vir die kerk as noodsaaklik beskou omdat die kerk as organisasie georden moet word.

In die Duitse regs-wêreld het daar vanaf die dertigerjare en veral sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n kentering gekom en is daar getrag om die spanning tussen die kerk en die reg te deurbreek (vgl. Smit, 1985:269-283 vir 'n oorsig waarvan gebruik gemaak word).

Liermann wou die algemene regsleer vormgewend op die kerkreg van toepassing maak; Schlaich het verder gegaan en was van oortuiging dat die kerkreg van die staatlike reg losgemaak moet word, en dat die kerkreg in wese 'n antwoordkarakter dra: die kerkreg moet antwoord op wat Christus vir sy kerk gegee het. Tog was dit veral Heckel, Wolf en Dombois wat groter bydraes ten opsigte van die versoening tussen kerk en reg gelewer het.

Heckel herinterpreteer as 't ware vir Luther en meen dat Luther nie die reg en ook nie die kerkreg verwerp het nie. Heckel se standpunt is kortliks dat die kerkreg liefdesreg in die kerk is. In die kerk geld die geestelike liefdeswet.



Vir Wolf is die kerkreg belydende reg; met hierdie uitgangspunt bedoel hy dat die kerkreg (kerkorde) en die belydenis 'n eenheid vorm en dat die kerkreg op die belydenis rus en tot taak het om die belydenis in die lewe van die kerk te konkretiseer.

Dombois se standpunt is dat die kerkreg die reg van genade is (*Recht der Gnade*). Dit beteken dat dit 'n reg is wat nie méér van die mens vra as wat God aan die mens gee nie; 'n reg wat juis bedoel is om die mens toe te laat om teenoor God te staan sodat God sy reg aan die mens kan gee. Die grondslae van die kerkreg lê vir Dombois in die viervoudige opdrag van Jesus Christus oor die sending, die doop, die Nagmaal en die bediening van die sleutels van die koninkryk van God – alles genadehandelinge van God aan die mens.

In die geledere van die gereformeerde wêreld het die vrae belangrik geword of die kerkreg hom slegs met die kerk as instituut besig hou en ook of die kerkreg slegs met die sigbare sy van die kerk te doen het.

### 3.1.3 Kerk as instituut en organisme

Ten opsigte van die eerste vraag is daar verskillende menings. Kuyper (1909:232-246) meen dat die kerkreg hom met die kerk as instituut besig hou. So ook Bouwman (1928:10) en Kleynhans (1982:3-5), om enkeles te noem. Haitjema (1951:7-8) verskil van Kuyper se gedagte dat die kerkreg slegs met die kerk as instituut besig is, en meen dat dit ook met die kerk as organisme te doen het. Spoelstra (1989:2-10) waarsku teen die gedagte om te veel kerksentries en kerklik institutêr met kerkreg om te gaan, en pleit vir 'n koninkryksbenadering. Ook Velema (1991:295-309) het in resente tye krities na Kuyper se onderskeiding van instituut en organisme gekyk en gesuggereer dat daarvan afskeid geneem word omdat gelowiges in die koninkryk werksaam is en in die kerk vir hul diens in die samelewing ter wille van die koninkryk besig is.

Kerkreg hou hom myns insiens met die kerk as sodanig besig, en nie net met die sogenaamde kerklike instituut nie. Terwyl kerkreg prinsipieel op die grondlyne van die bediening van die Woord, sakramente en tug toespits, waardeur die gelowiges vir hul dienswerk in die samelewing toegerus word, kan dit as eensydig of beperkend beskou word wanneer gemeen word dat die kerkreg slegs met die sogenaamde kerklike instituut besig is.

### **3.1.4 Sigbare en onsigbare kerk**

Ten opsigte van die vraag of die kerkreg slegs met die sigbare sy van die kerk besig is, soos Voetius, Bouwman en andere beweer (vgl. Bouwman, 1928:1-10; Bakker, 1990:13-14), moet versigtig gereageer word. Eerstens moet in gedagte gehou word dat daar geen skeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk gemaak mag word nie, en tweedens is dit wel waar dat die kerkreg, insoverre dit die konkrete reg vir die kerk formuleer, die empiriese kerk in die oog het (Heyns & Jonker, 1974:286).

### **3.1.5 Koninkryk as vertrekpunt**

Wanneer ons egter die koninkryk van God as vertrekpunt neem, en in gedagte hou dat dit in die kerkreg primêr om die gehoorsaamheid aan die regering van Christus as die enigste Hoof van die kerk gaan, word dit duidelik dat dit om meer as die ordening van die sigbare, empiriese sy van die kerk gaan. Die doel van die kerkreg is dan eerder om uit die Skrif na te vors hoe Christus deur die bediening van die sleutels van die koninkryk tot in die harte van sy kinders kan deurdring sodat die kerk waarlik die liggaam van Christus kan wees.

Dit beteken nie dat dit in die kerkreg om die *ius circa sacra* gaan nie. Dit gaan om die *ius in sacra*, dit wil sê om die gedrag, die reëls en die reg in die kerk as vergadering van gelowiges waarin die kerk self in die lig van die Woord alleen en onder leiding van die Heilige Gees hierdie sake moet navors (vgl. Haitjema, 1951:13; Coertzen, 1991:159).

### **3.1.6 Definisie**

Die kerkreg sou soos volg omskryf kon word: *dit is die teologiese wetenskap wat in die lig van die geskrewe Woord van God en die normerende antwoord van die kerk op die Woord van God, die reg van God en diensgevolge die Christusregering in die kerk onder leiding van die Heilige Gees moet navors, formuleer en tot diens en opbou van die kerk beskikbaar moet stel.*

## **3.2 Ensiklopediese plek**

Vervolgens kyk ons na die ensiklopediese plek van die kerkreg. Kuyper (1909:231 e.v.) en Bouwman (1928:10-15) het aangetoon dat sommige teoloë die kerkreg buite die teologie geplaas het. Hierdie plasing was grootliks veroorsaak deur die kanonieke reg wat nie net oor die kerk nie,

maar ook oor die maatskappy en die staat gehandel het. In Protestantse geleedere is die kerkreg as 'n praktiese vak verstaan.

Schleiermacher (1768-1834) het hierin geen verbetering aangebring nie. Hy was sterk deur die piëtisme beïnvloed, en het ook 'n groot invloed op die Neo-Protestantse model van die teologie gehad (Spoelstra, 1992:304). Kant se rasionalisme en skerp onderskeiding tussen teorie en praktyk het hom aangespreek en beïnvloed. Hy verdeel teologie gevolglik in drie vakgebiede, naamlik die filosofiese teologie waaronder die godsdiensfilosofie en apologetiek (die wortel van die teologiese boom), die historiese teologie waaronder die Ou en Nuwe Testament, kerkgeskiedenis en dogmatiek (die stam van die boom) en die praktiese teologie (die kruin van die boom). Laasgenoemde is veral op die praktyk van die kerk gerig. Die eintlike teologie word deur die filosofiese en historiese dissiplines bepaal terwyl die praktiese teologie hierdie waarhede in die praktyk moet toepas (vgl. Dingemans, 1989:192).

Onder praktiese teologie reken Schleiermacher veral die kerkdien en kerkregering (Spoelstra, 1992:308). Eintlik is die veld van ondersoek die empiriese kerk oftewel die godsdienstige praktyk sodat goeie leiding aan die kerk in die praktyk gegee kan word (Dingemans, 1989:195).

In die Duitse teologiese wêreld word die kerkreg soms buite die teologie gestel: byvoorbeeld as 'n juridiese wetenskap, of as 'n regsteologiese vak hoewel dan nog buite die teologiese ensiklopedie, of selfs in die Nuwe-Testamentiese wetenskap (vgl. Coertzen, 1991:166-167). In die gereformeerde wêreld van Nederland is kerkreg veral sedert Kuyper (1909:217-219; 232-248) as deel van die ekklesiologiese vakgroepe beskou (vgl. ook Bouwman, 1928:10-15). Haitjema (1951:13) voel dat kerkreg ensiklopedies iewers op die grens tussen die sistematiese en historiese vakke geplaas moet word omdat dit oor wetenskaplike norme gaan. In Suid-Afrika is gereformeerde teoloë dit redelik eens dat kerkreg 'n ekklesiologiese vak is, en Kuyper se teologiese ensiklopedie word steeds in die algemeen gevolg (vgl. Coertzen, 1991:170). Soms bestaan die neiging (Stoop, 1982:125) om die kerkreg ensiklopedies as onderdeel van kerkgeskiedenis te beskou. Spoelstra (1992:316-317) het 'n voorstel gemaak dat die begrippe kerkreg en praktiese teologie met 'n nuwe diakoniologie en 'n nuwe ekklesiologie vervang moet word.

Vanweë die noue verbondenheid van die verskillende teologiese vakke kan die kerkreg nie onafhanklik van die ander vakke beoefen word nie.

Uit die voorafgaande blyk dat hoewel gereformeerde teoloë daarvoor saamstem dat kerkreg ensiklopedies 'n ekklesiologiese vak is, dit tog belangrik is dat daar groter duidelikheid moet kom oor die ondersoekvelde van die kerkreg en die diakoniologie.

## **4. Die bronne en uitgangspunte**

### **4.1 Belangrikheid van bronne**

Wanneer oor die bronne vir die kerkreg besin word, moet veral twee sake in gedagte gehou word:

- \* In die eerste plek is die bronne belangrik omdat 'n bron as gesagvolle vertrekpunt of uitgangspunt reeds bepalend is vir die doelpunt. Anders gestel, die inhoud van die vak word beslissend bepaal deur die fondament waarop dit alles rus.
- \* In die tweede instansie is 'n bron nie noodwendig iets konkreets of slegs op sigbare vlak (empiries) kenbaar nie. 'n Bron kan ook verband hou met – wat genoem word – 'n voorveronderstelling. 'n Voorveronderstelling hoef nie (en behoort ook nie in die teologie) van menslike insig of oortuiging alleen afkomstig te wees nie; daarom mag dit op die vlak van die metafisiese lê.

### **4.2 Die Woord van God**

Konkreet gestel is die bron of grondslag vir die gereformeerde kerkreg as teologiese wetenskap geleë in ons gehoorsame luister en aanvaarding van die evangelie van die koninkryk van die hemel. Ons primêre bron, in die sin van vertrekpunt, is nie iets waaroor ons in ons verduisterde verstand beslis nie, maar wat ons genadiglik van God ontvang, naamlik die Woord van God as sy besondere openbaring.

Die Skrif is ook die *norm* en gesagvolle maatstaf waarmee beoordeel, getoets, geverifieer, bevestig of verwerp kan word.

Die wetenskaplike werk in die beoefening van die teologie naas die Skrif as die besondere openbaring van God ook met die algemene openbaring, naamlik die skepping van God waarin God Homself aan ons bekend maak het (Rom. 1:20, Nederlandse Geloofsbelijdenis artikel 2). Die geskrewe Woord van God bly egter die bril waardeur hierdie openbaring in die skepping verstaan en vertolk moet word, en die maatstaf waarmee wetenskaplike resultate getoets moet word.

Die algemene gereformeerde oortuiging is van die begin af dat die geskrewe Woord van God as uitgangspunt vir die kerkreg en kerkregering aanvaar word. Bucer (Van't Spijker, 1972:2) en Calvyn (*Institusie*, 4, 3, 1; 4, 10, 30-32) was uitgesproke daarvoor dat die kerk alleen volgens die Woord regeer en bestuur moet word. Die *Biblische Weisungen* (Plomp, 1967:15-16) oftewel die grondgedagtes wat die Bybel bied, is die enigste gesagvolle reëls wat Calvyn vir die kerkregering aanvaar het.

In die Calvinistiese tradisie is hierdie standpunt deurgaans gehandhaaf. Bouwman (1928:31), Haitjema (1951:21-22), Jansen (1947:6-7) en latere gereformeerde kerkregtelikes in Suid-Afrika soos Van der Linde (1965:31), Spoelstra (1989:2-19), Coertzen (1991:117-141) – om enkeles te noem – is dit eens dat die Skrif as primêre bron en uitgangspunt vir die kerkreg aanvaar moet word.

Die sterk beklemtoning van die Skrif as bron en norm vir die kerkreg moet veral teen die agtergrond van die Rooms-Katolieke Kerk se beskouing gesien word. Vir Rome bestaan die *ius divinum* uit twee hoofkomponente, naamlik enersyds uit die Skrif en die tradisie, en andersyds uit die natuureg. Hierbenewens word die kerklike wetgewing ook nog as gesagvolle bron vir die kerkreg aanvaar. Eindelik is die hele sisteem in die *Corpus iuris canonici* saamgebind (sedert 1918 die *Codex iuris canonici* genoem) (vgl. vir 'n oorsig hieroor: Smit, 1985:15-21).

### 4.3 Die konfessie

Benewens die Skrif aanvaar die gereformeerde kerkreg ook die belydenisskrifte as belangrike bronne vir die kerkreg. Ek gaan nie hier volledig op die besonderhede van die verband tussen die Skrif, konfessie en kerkorde in nie (vgl. hiervoor: Hovius, 1962; Du Plooy, 1988; Coertzen, 1991:141-148). Die sestiende-eeuse Reformasie het ten opsigte van wat die Skrif in hooflyne oor die kerkregering leer, in konfessies vergestaltung gevind, byvoorbeeld in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikels 27-32. Die kerkordelike ontwikkeling gedurende die Reformasie van die 16de en 17de eeue het parallel hiermee ontwikkel omdat die *doctrina* en die *disciplina* onlosmaaklik deel van mekaar is (Van't Spijker, 1993:178-201).

Die vraag na die geldigheid van die gebruikmaking van die konfessie as bron en maatstaf vir die kerkreg asook die vraag na die gesag wat daaraan verleen word, is myns insiens belangriker as 'n weergawe van die band tussen die konfessie en die kerkregering. Daar moet egter versigtig beweeg

word tussen biblisme en konfessionalisme. (Vir 'n breër oorsig oor die aard en gesag van die binding aan die belydenisskrifte, kan verwys word na Du Plooy, 1991:71-95).

Vanuit 'n wetenskapteoretiese hoek beskou, is dit noodsaaklik dat die gereformeerde kerkregtelike hom moet kan verantwoord oor die gebruikmaking van die konfessie as gesagvolle bron vir die kerkreg. *Wie byvoorbeeld glo dat die Skrif die enigste gesagvolle norm en maatstaf is, begin inderwaarheid met 'n belydenis. Daarom is die konfessie eintlik die eerste vertrekpunt, omdat dit ons by wyse van 'n belydenis of uitgangspunt direk aan die gesag van die Skrif bind.* Dit sou foutief wees om te stel dat die Skrif en die belydenis as twee afsonderlike bronne aanvaar word, aangesien die belydenis as die antwoord op die Woord ons slegs aan die Woord as enigste en eintlike bron van gesag verbind. Wie so met die belydenis en die Woord omgaan, glo dat die Heilige Gees vanweë sy verliggende werk in die geskiedenis van die kerk reeds iets tot stand gebring het. Verder aanvaar ons dat die teologie wat die Skrif as veld van ondersoek het, die maatstaf of vergrootglas is waarmee die konfessie as ons voorwetenskaplike grondslag getoets en desnoods verander moet word.

Hiermee verskil ek van standpunte soos dié van Van Huyssteen (1986:141, 196 e.v., 200) wat meen dat die konfessie eintlik dialoogreëls is, dit wil sê gesprekskondensate, en dat dit naïef-realisties is om te aanvaar dat die belydenisskrifte met die Woord ooreenstem.

Vir die kerkreg as wetenskap is dit belangrik dat geloof en wetenskap, of kerk en teologie nie van mekaar geskei moet word nie. Die wetenskaplikheid van 'n belydende kerkregtelike behoort nie vanweë sy geloofsvertrekpunt betwyfel te word nie. Dit gaan nie daaroor of hy die gesag van die konfessie mag aanvaar nie, maar hoe hy dit gebruik en veral hoe hy die konfessie altyd toetsbaar aan die Skrif as die *norma normans* maak. Dit is tog duidelik dat as iemand nie die belydenis aanvaar nie, hy in elk geval iets anders as vertrekpunt aanvaar omdat dit eie is aan die beoefening van wetenskap om voorveronderstellings te hê. In hierdie 'keuse' tussen eie vertrekpunte, die nuwe hermeneutiek en konfessies behoort 'n konfessionele vertrekpunt as legitiem aanvaar te word. Hier kan die terloopse opmerking teenoor Botha (1993:5-6) gemaak word dat dit vreemd aandoen wanneer hy stel dat vir die beoefening van "gereformeerde kerkreg" afstand van die belydenis gedoen moet word, en dat eerder gekies moet word vir die nuwe Skrifkritiese benadering van die Bybelwetenskappe.

Indien die kessessie foutief of gebrekkig sou wees, behoort dit op 'n orde-like wyse verander te word, en nie geïgnoreer of verwerp te word nie sodat die kerk suiwerder kan bely en die wetenskap tegelyk gedien kan word met beter uitgangspunte. Dit geld ook vir die resultaat van die kerkreg. Die kerkregering soos in 'n kerkorde verwoord en geformuleer as die *ius constitutum*, kan as die vrug van die kerkreg beskou word. Dit bring tegelyk die belydenis oor die kerkregering, soos in 'n belydenisskrif geformuleer, tot konkretisering en in praktyk.

#### 4.4 Kerkordes

In die lig hiervan is die historiese kerkordes 'n bron vir die kerkreg aangesien dit op 'n stadium in die verlede die vrug van die studie van die *ius constituendum* was. Hierbenewens is resente kerkordes – ander as dié wat in 'n bepaalde kerkgemeenskap geldig en in gebruik is – ook 'n bron vir die kerkreg (vgl. Coertzen, 1991:148).

### 5. Funksie en taak van die kerkreg

#### 5.1 Algemeen

Aangesien teologie 'n wetenskap is wat 'n woord (*logos*) oor God (*theos*) moet spreek (Spoelstra, 1992:316), of meer in besonder 'n antwoord op die Woord van God is (Heyns & Jonker, 1974:132), is die kerkreg as teologiese wetenskap nie met die kerk as sosiologiese of juridiese verskynsel besig nie, maar met die kerk as die liggaam van Christus soos God dit in sy Woord aan ons openbaar. Die kerkreg as ekklesiologiese vak het dan in die lig van die Skrif die kerk as veld van ondersoek, maar met die wete dat die kerk uniek is omdat dit en dit alleen die liggaam van Christus genoem word. Binne die ekklesiologiese vakke handel die kerkgeskiedenis meer oor die kerk van die verlede, terwyl die kerkreg weer veral op die kerk van die hede en die toekoms konsentreer.

Oor die algemeen is dit die taak van die kerkreg as wetenskap om – vanuit die bronne vir die kerkreg en in die lig van die Woord van God as die absolute norm – sorg te dra dat die kerk waarlik as die liggaam van Christus in hierdie wêreld kan funksioneer en diens kan lewer soos wat God dit bepaal het en aan die kerk opgedra het.

Meer in die besonder sou daar tussen 'n interne en eksterne taak en funksie van die kerkreg onderskei kan word. Die interne aktiwiteit konsentreer veral op die wetenskaplike aktiwiteite en verantwoordinge met betrekking

tot die wetenskap van die kerkreg as sodanig. Die eksterne aktiwiteit is meer op die diens in en in belang van die kerk self gerig (vgl. Heyns & Jonker, 1974: 187-198). Hierdie onderskeiding beteken nie dat daar 'n skeiding tussen die interne en eksterne funksies mag kom nie, aangesien wetenskap en geloof of teologie en kerk nie met mekaar in spanning behoort te wees nie.

## **5.2 Interne taak**

Die interne taak en funksie van die kerkreg is om 'n verantwoording van die vak kerkreg as teologiese wetenskap te gee. Meer in besonder sal oor aspekte soos die grondslag van die vak, die eiensortigheid en die samehang of verband met ander teologiese dissiplines, die uitgangspunte, die doel en die funksie duidelike verantwoording gedoen moet word.

## **5.3 Eksterne taak**

Die eksterne taak van die kerkreg is kerklik van aard, maar steeds op 'n wetenskaplike wyse. Die kerkreg is in besonder daarop gerig om 'n bydrae ten opsigte van die opbou van die kerk te lewer. Hier kan minstens drie funksies onderskei word – sonder om te beweer dat dit gelykwaardige funksies is (vgl. Kuyper, 1909:248; Heyns & Jonker, 1974:287-188; Coertzen, 1991:172-174).

### **5.3.1 Studie van die *ius constituendum***

Die belangrikste materiële taak van die kerkreg lê op die terrein van die sogenaamde *ius constituendum*. Dit is veral hierdie aspek wat kerkreg 'n teologiese wetenskap maak omdat hiermee gekonsentreer word op die reg of gedragsreëls wat in die Skrif as van fundamentele en normatiewe belang vir die regering van die kerk gegee is.

Wanneer 'n teologiese vak in gebreke bly om die Woord van God as besondere veld van ondersoek te hê, sou met reg gevra kon word of dit inderdaad nog teologie is. Daarom is die navorsing oor die *ius constituendum*, dit is die reg soos dit in die lig van die Skrif behoort te wees, van grondliggende betekenis vir die teologiese aard van kerkreg.

### **5.3.2 Studie van die geskiedenis van die kerkreg**

Die volgende logiese taak van die kerkreg is om die geskiedenis van die kerkreg en kerkregering deur die eeue te bestudeer. Wat hierdie funksie van die taak van kerkgeskiedenis onderskei, is geleë in die feit dat hier



minder beskrywend en meer evaluerend te werk gegaan word. Dit kan juis gedoen word op grond van die norm en maatstaf wat reeds vanuit die Skrif vasgestel is. Die kerkreg sal hier met aspekte soos die volgende moet rekening hou, naamlik met die belofte van Christus as die Hoof van die kerk dat Hy self sy kerk regeer, dat Hy met sy kerk sal wees tot by die voleinding, en dat die Heilige Gees gegee is om die kerk te lei. God openbaar Hom ook in die geskiedenis, maar hierdie (algemene) openbaring behoort deur die bril van die Woord as die besondere openbaring getoets en verstaan te word (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 2).

### 5.3.3 Daarstelling van die *ius constitutum*

In die derde instansie behoort die kerkreg sy taak – met behulp van die resultate van die reeds genoemde funksies – te laat kulmineer in die daarstelling van 'n uitgewerkte en geformuleerde wyse van kerkregering oftewel 'n geldende kerkorde (die sogenaamde *ius constitutum*). Dit beteken dat die kerkreg 'n besondere funksie ten opsigte van die geldende reg in die kerk het. Benewens die daarstelling van 'n kerkorde is die taak van die kerkreg insgelyks om wetenskaplik en krities, vanuit die *ius constituendum*, met die *ius constitutum* om te gaan sodat dit hoe langer hoe meer met die *ius constituendum* ooreenstem. Die taak van die kerkreg is dus nie afgehandel nadat dit die geldende reg vir die kerk bepaal het nie. Die *ius constitutum* moet altyd weer aan die toets van die Skrif onderwerp word, die relevansie daarvan vir die kerk moet ondersoek word en daar moet vasgestel word of die orde en opbou van die kerk daarmee gedien word.

## 6. Enkele bakens vir die kerkreg

Wanneer na die Skrif geluister word, word dit duidelik dat God daarin aan ons leiding gee oor die feit en wyse van die reg en regering in sy kerk. Ons sou dit grondbeginsels of bakens vir die kerkreg kon noem.

Die identifisering daarvan is nie genoeg nie, want die regte begrip of verstaan daarvan, en veral die funksie daarvan is van wesenlike belang vir die kerkreg. Ek verwys byvoorbeeld na die betekenis van begrippe soos die koninkryk, die dienste, die kerk en die sleutelmag wat Christus aan die kerk gegee het.

Hierdie grondbeginsels of bakens behoort as rigtingwysers en raamwerk te dien ten einde die kerkreg in staat te stel om daarop te bou en daarbinne te beweeg.

## **6.1 Die koninkryk van God**

Een van die belangrikste sleutels om die kerk te verstaan, en om ook 'n grondslag vir die kerkreg daar te stel, is om by die koninkryk van God te begin (vgl. Van der Linde, 1978; Spoelstra, 1989:4-5). Die saak is reeds voorheen in besonderhede behandel, en die volgende het duidelik geword (vgl. Du Plooy, 1982:1-63):

'n Besonder sentrale gedagte in die hele Skrif is juis die koninkryk van God. Die Nuwe Testament leer duidelik die besondere weg van die koninkryk na die kerk, asook 'n bepaalde verhouding daartussen. In die begrip *koninkryk* gaan dit veral om die feit, terrein en wyse van die heerskappy van God in Christus. Die koninkryk van God dui op die dinamiese regering van God in en deur Jesus Christus – 'n regering wat deur sy kinders of onderdane gehoorsaam moet word. Waar die Woord en Gees gehoorsaam word, het die koninkryk gekom en staan hierdie gemeenskap van gelowiges as die kerk bekend.

So is die kerk die vrug van die koninkryk en tegelyk die instrument waardeur die koninkryk verkondig moet word, en self ook moet groei tot by die volle realisering van die koninkryk by die voleinding. Die kerk is geroep om die sleutels van die koninkryk te bedien – juis om vir gelowiges die koninkryk van die hemel te ontsluit, en vir die ongelowiges toe te sluit.

Waar die Woord en Gees gehoorsaam word, skep God 'n nuwe orde in die gebroke wêreld wat as 'n nuwe skepping, of kerk van Jesus Christus bekend staan. Wie die koninkryk van God as vertrekpunt neem, erken en bely daarmee dat Christus self die enigste Hoof van die kerk is, en dat ware kerkregering niks anders behoort te wees as Christusregering nie.

Smit (1985:10-194) sluit in sy beskouing oor die begrip *reg* direk by die koninkryk van God aan: Christus as Hoof van die kerk, oftewel die heerskappy van God in Christus, is beslissend met betrekking tot die vraag wie die reg in die kerk bepaal; nie die pous nie, nie die landswette nie, nie die kerke in sinodes, of 'n plaaslike kerk, of 'n blote meerderheid van stemme bepaal wat die reg in die kerk is nie. Christus as Hoof openbaar in sy Woord wat is reg. Christus is die Wetgewer, en die kerk word deur sy Gees en Woord geleer wat die gedrag in leer en lewe, en die orde in die kerk moet wees. God se reg hou direk verband met die liefde, die genade en oordeel, en met die wil van God.

So is die koninkryk van God die eintlike basis waarop die kerkreg verder gebou kan word. Die Hoofskap van Christus is uiteraard die belangrikste

grondbeginsel vir die kerkreg. Daarom behoort die kerkreg sy studie en navorsing oor die kerk te begin by die koninkryk van God, en nie by die kerk nie.

## 6.2 Die dienste

Voordat die Nuwe-Testamentiese kerk met die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 2) werklik konkreet en sigbare gestalte gekry het, vind ons al die opdrag van Jesus Christus aan die apostels om die sleutels van die koninkryk te bedien (Matt. 16:17-19; 18:18; Sondag 31 Heidelbergse Kategismus). Die kerk waarvan Christus in Matteus 16:17-19 praat, is reeds en sal ook in die toekoms die resultaat van die *bediening* van die sleutels van die koninkryk van God wees. Snyman en Floor (1969:41) stel dat die prediking van die koninkryk van God van die begin af kerkvormend gewerk het.

Prinsipieel gesien, gaan die diens (van die Woord van die koninkryk van God) die kerk vooraf (vgl. Spoelstra, 1989:27-28). Deur die bediening van die Woord en Gees roep Christus as die Koning vir Hom 'n volk uit die duisternis tot die lig.

Dit is interessant dat Calvyn in sy *Institusie* (4, 1, 1) waar hy in besonder oor die kerk skrywe, begin met 'n verwysing na Efesiërs 4:11 e.v. waarin sprake is van die dienaars wat die evangelie moet verkondig. Dit is daarom opvallend korrek dat die gereformeerde kerkordes, soos dié van Dordrecht 1618/19 nie met die kerk in sy institutêre gestalte begin nie, maar met die dienste. Hierdie benadering om nie die kerk as instituut vir die kerkreg as vertrekpunt te neem nie, verskil van sommige kerkregtelikes wat geneig is om dit wel te doen (vgl. Roijaards, 1834:5; Kuyper, 1909:232 e.v.).

Wie in die beoefening van kerkreg daarmee rekening hou dat dit vir Christus veral daarom gaan om sy uitverkore kinders deur die bediening van die Woord en Gees as kerk te vergader ten einde hulle in die koninkryk van die hemel te laat ingaan, sal wegbeweeg van die neiging om kerkreg institusionalisties, strukturalisties, kerksentries en eensydig juridies te benader. Hierdie uitgangspunt sal ook daartoe lei dat gewaak word teen 'n eensydige oorbeklemtoning of aan die ander kant 'n onderbeklemtoning van die genadegawes (*charismata*). Tussen die *diakonia* en die *charisma* mag daar geen spanning wees nie; die een kan nie sonder die ander verstaan word nie, en albei is gawes van God in en aan sy kerk (Ridderbos, 1966:479-514).

Kerkreg is meer as slegs gerig op die kerk. Dit is ook bedieningsentrië van aard en finaliter koninkryksgerig. Dit beteken dat die praktiese teologie (oftewel diakoniologie) en kerkreg indringend ensiklopedies behoort te besin oor gemeenskaplikhede en terreine vir ondersoek. Hieroor het Spoelstra (1993:299-320) reeds relevante opmerkings gemaak.

### **6.3 Die kerk**

Daar bestaan uiteenlopende gedagterigtings oor die betekenis en gebruik van die woord *kerk* in die Woord van God, wat ook verskillende stelsels van kerkregering tot gevolg het. 'n Studie oor die geskiedenis van die kerkreg waarin op die kernaspekte van verskillende kerkregeringsmodelle of -stelsels gelet word, toon hoe uiteenlopende kerkbegrippe van die ver naamste redes vir die verskillende stelsels was. Hoewel dit een van die take van die kerkreg is om kerkregeringsmodelle krities-wetenskaplik te bestudeer, is ons oogmerk tans – waar dit oor die grondslae van die vak handel – om hoofsaaklik op die belang van die saak van 'n Skriftuurlike kerkbegrip te wys.

In 'n ander studie (Du Plooy, 1982:64-120) is uitvoerig aan hierdie aspek aandag gegee, en relevante gegewens vir die doeleindes van hierdie artikel is hoofsaaklik die volgende:

Die kerk van Jesus Christus is 'n unieke gemeenskap van gelowiges en die vrug van die genade van God in Christus wat die kerk deur die bediening van die Woord en Gees in aansyn geroep het, en dit steeds vergader, beskerm en onderhou. Daarom is die kerk eiesoortig: dit is die liggaam van Christus, die volk van God en die tempel van die Heilige Gees. Van hierdie kerk is Christus die enigste Hoof, en om hierdie rede word dit deur Homself regeer.

In die Nuwe Testament vind ons belangrike gegewens oor die betekenis en gebruik van die woord *kerk*. Wanneer die woord *kerk* op die vergadering van gelowiges betrekking het, word dit slegs in tweërlei betekenis gebruik, naamlik in plaaslike en algemene sin. Vir die kerkreg is dit belangrik om daarvan kennis te neem dat die Nuwe Testament nooit 'n versameling van 'n aantal kerke met die woord *kerk* aandui nie, ten spyte van standpunte dat 'n Skrifgedeelte soos Handeling 9:31 wel in daardie rigting sou wys (bv. Coertzen, 1991:78-86).

Die saamlewe van die kerke, en die konkrete beleving van hulle eenheid op grond van die eenheid in leer, soos ons dit in die Nuwe Testament vind, het

nooit tot 'n struktuur langs, naas of bo die plaaslike kerke gelei nie. Calvin (*Institusie*, 4, 9, 1-3) is uitgesproke daarvoor dat 'n sinode of konsilie nie die kerk is nie – dit is 'n vergadering van 'n aantal plaaslike kerke in belang van die opbou van die kerke insoverre so 'n vergadering Christus as voorsitter het en in die regering by die Woord van God bly.

Dit is duidelik dat 'n suiwere of Skriftuurlike kerkbegrip vir die beoefening van kerkreg onontbeerlik is. Verskil in kerkbegrip het in die geskiedenis van die kerk tot verskillende standpunte oor die kerkreg en kerkregering aanleiding gegee.

#### 6.4 Sleutelmag en die opbou van die kerk

In aansluiting by ons gedagtegang (veral 6.1) is dit vir die kerkreg van besondere betekenis om in die Skrif te verneem dat Christus as die gesagshoof van die kerk self die sleutelmag besit (Jes. 22:22; Op. 3:7). Tog gee Hy die bevoegdheid aan sy kerk om die sleutels van die koninkryk ministerieel te hanteer of te bedien (Matt. 16:17-19). Calvin (*Institusie* 4, 11, 1, 5-6) meen dat die sleutels die bediening van die evangelie en die kerklike dissipline is (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 31), en dat die sleutelmag nie soseer 'n mag is nie, maar 'n diens wat deur die dienaars in belang van die kerk verrig moet word. Die opbou van die kerk geskied eenvoudig deur die bediening van die sleutels van die koninkryk van God, en dit word moontlik gemaak deurdat die Heilige Gees aan die kerk gegee is (Joh. 20:22-23).

Gedurende die Reformasie van die 16de eeu het Hervormers soos Bucer en Calvin klem gelê op die feit dat die kerk opgebou moet word, en dat dit deur die bediening van die evangelie van Jesus Christus en die uitoefening van die kerkregering (kerklike dissipline) moet geskied (Van't Spijker, 1993: 317-323; *Institusie* van Calvin, 3, 4, 10-14; 4, 11, 1).

Vir ons besondere doeleindes is dit noodsaaklik om op te merk dat Bucer van oortuiging was dat veral drie elemente in die kerk noodsaaklik is, naamlik die bediening van die Woord, die sakramente en die tug (Van't Spijker, 1993:192). Vir Bucer het hierdie elemente nie net as die *notae ecclesiae* gefunksioneer nie, maar volgens die *ius divinum* ook as 'n basis vir die indeling en inhoud van 'n kerkorde (Van't Spijker, 1972:35-37).

In die kerkreg het dit vanuit gereformeerde hoek gesien daarom gegaan dat die kerkreg met hierdie prominente gegewens oor die bediening van die sleutels en met die merktekens van die ware kerk moet besig wees. Die

kerkreg moet lei tot 'n kerkregering wat soos 'n kanaal 'n deurgang vir die ware leer tot opbou van die kerk kan bied (vgl. Van't Spijker, 1990:331-332).

Dit is daarom betekenisvol dat die indeling en inhoud van gereformeerde kerkordes (byvoorbeeld die Dordtse kerkorde van 1618/19) met die sleutels van die koninkryk en insgelyks met die merktekens van die ware kerk ooreenstem. Dit gaan om die bediening van die Woord, sakramente en die kerklike tug.

## **6.5 Samevatting**

Die behandelde bakens of rigtingwysers is nie bedoel om volledig te wees nie, maar sou as illustrasie kon dien van die belangrikste pilare waarop die gereformeerde kerkreg kan rus en kan voortbou.

Dit het ook duidelik geword dat die kerkreg hierin kan leen en profiteer by die resultate van ander teologiese vakke, soos by die ander ekklesiologiese vak, naamlik kerkgeskiedenis, asook by die bibliologie, dogmatologie en diakoniologie (vgl. Kuyper, 1909:236).

## **7. Konklusie**

Terwyl dit my bedoeling was om op bepaalde grondliggende aspekte van die gereformeerde kerkreg as 'n teologiese wetenskap te konsentreer, en om in besonder aan die grondslag en relevansie daarvan aandag te gee, kan in hooftrekke die volgende konklusies gemaak word:

- \* Dit het duidelik geword dat 'n voortdurende en indringende besinning deur veral gereformeerde kerkregtelikes hieroor nodig is omdat daar strominge en standpunte vanuit die filosofie en teologie bestaan wat die gereformeerde kerkreg irrelevant wil maak of wil verdring.
- \* Wie erns wil maak met die reg en orde wat in die kerk van Jesus Christus moet geld, is aangewese op die bydrae wat die gereformeerde kerkreg in die verlede gemaak het en steeds moet maak.
- \* Kerkreg as wetenskap het 'n prominente plek in die teologie, en het 'n interne en eksterne taak. Dit beteken dat dit 'n verantwoordelike diens aan die teologiese wetenskap asook aan die kerk van Jesus Christus moet lewer.

- \* Die vraag na die regte bronne vir die kerkreg is van wesenlike belang aangesien die grondslag en vertrekpunt bepalend vir die resultaat is. In hierdie opsig staan die Woord van God – waarin die koninkryksperspektief prominent is – sentraal.
- \* In die lig van die Woord moet die kerkreg die grondbeginsels vir die reg, die orde en die wyse van regering in die kerk probeer vasstel. Sodanige bakens dien as rigtingwysers en fondamentstene waarop die gereformeerde kerkreg as teologiese wetenskap gebou kan word.

## Bibliografie

- BAKKER, W. 1990. Geschiedenis van de wetenschap van het kerkrecht. (In Van't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C. reds. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen : Kok. p. 20-31.)
- BAKKER, W. 1990. Wat is kerkrecht? (In Van't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C. reds. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen : Kok. p. 13-19.)
- BOTHA, C.J. 1993. Die stand van die gereformeerde kerkreg. *Skrif en Kerk*, 14(1):1-7.
- BOUWMAN, H. 1928. Gereformeerde kerkrecht. Kampen : Kok.
- CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike godsdiens. Vol. 4. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom : CJBF.
- COERTZEN, P. 1991. Gepas en ordelik. Pretoria : RGN.
- DINGEMANS, G.D.J. 1989. Praktiese teologie als een academische discipline. *Nederlands Theologisch Tijdschrift*, 43(3):192-211, Julie.
- DU PLOOY, A. le R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerde-kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)
- DU PLOOY, A. le R. 1988. Die verband tussen die Skrif, konfessie en kerkorde volgens die gereformeerde kerkreg. Potchefstroom : PU vir CHO.
- DU PLOOY, A. le R. 1991. Die aard en gesag van die binding aan die belydenisskrifte. In *die Skriflig*, 25(1):71-95, Maart.
- HAITJEMA, Th.L. 1951. Nederlands hervormd kerkrecht. Nijkerk : Callenbach.
- HEYNS, J.A. & Jonker, W.D. 1974. Op weg met die teologie. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- HOVIUS, J. 1962. Het verband tussen onze belijdenis en onze kerkorde. Sneek : Weissenbach.
- JANSEN, Joh. 1947. Handleiding gereformeerde kerkrecht. Kampen : Kok.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1982. Gereformeerde kerkreg. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- KUYPER, A. 1909. Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid. Derde deel. Kampen : Kok.

- NAUTA, D. 1971. Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde kerken in Nederland. Kampen : Kok.
- Ouweneel, W.J. 1989. Die Bybel in die wetenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Departement Wetenskapsleer. Studiestuk nr. 21.)
- Ouweneel, W.J. 1993. A Critical Analysis of the External and Internal Prolegomena of Systematic Theology. Bloemfontein : UOFS. (Thesis – D.Th.)
- Pienaar, G. 1982. Die gemeenregtelike regs persoon in die Suid-Afrikaanse privaatreë. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – LL.D.)
- PLOMP, J. 1967. Beginselen van reformatories kerkreg. Kampen : Kok.
- PONT, A.D. 1981. Die historiese agtergronde van ons kerklike reg. Pretoria : HAUM.
- RIDDERBOS, H. 1966. Paulus; ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.
- ROELEVELD, L. s.j. Gereformeerde kerken in het privaatreë. Zeist : Steenbergen.
- ROIJAARDS, H.J. 1834. Hedendaagsch kerkregt bij de hervormden in Nederland. Utrecht : Altheer.
- RULLMANN, J.C. 1918. Dr. F.L. Rutgers in zjn leven en werken geschets. Rotterdam : Libertas.
- SMIT, C.J. 1985. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)
- SNYMAN W.J. & FLOOR, L. 1969. Die koninkryk van God in die Nuwe Testament. (In Du Toit, S. red. Die koninkryk van God. Potchefstroom : Herald. p. 34-58.)
- SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en kerkreëring. Hammanskraal : HTS.
- SPOELSTRA, B. 1992. Dilemma tussen praktiese teologie en ekklesiologie. *Theologia Reformata*, 35(4):299-320, Des.
- SPOELSTRA, B. 1993. Besinning oor die teologiese ensiklopedie van Kuyper met kerkreg en diakoniologie as parameters. *In die Skriflig*, 27(1):69-89, Maart.
- STOKER, H.G. 1940. Beginsels van 'n Christelike wetenskapsleer. *Koers in die krisis*, 2: 293-331.
- STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom : Pro Rege.
- STOKER, H.G. 1970. Oorsprong en rigting. Band 2. Kaapstad : Tafelberg.
- STOOP, J.A. 1982. Kerkgeskiedenis. (In Eybers, I.H., König, A. & Stoop, J.A. reds. Inleiding in die teologie. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 121-154.)
- STRAUSS, P.J. 1991. Vanwaar gereformeerde kerkregtelike beginsels? (In Strauss, P.J. red. Byderwets en gereformeerde. Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt. Bloemfontein : Pro Christo-Publikasies. p. 23-34.)



- TE VELDE, M. 1989. Gereformeerde gemeenteopbouw. Barneveld : De Vuurbaak.
- VAN HUYSSSTEEN, W. 1986. Teologie as kritiese geloofsverantwoording. Pretoria : RGN.
- VAN DER LINDE, G.P.L. 1965. Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel. Potchefstroom : Pro Rege.
- VAN DER LINDE, G.P.L. 1978. Die betekenis van die verhouding tussen die koninkryk van die hemele en die kerk vir die kerkreg. Potchefstroom : PU vir CHO.
- VAN DRIMMELEN, L.C. 1990. Kerk en staat. (*In Van't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C. reds. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen : Kok. p. 196-206.*)
- VAN'T SPIJKER, W. 1972. Goddelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer. Kampen : Kok.
- VAN'T SPIJKER, W. 1990. Aspecten van gemeenteopbouw in de reformatie. *Theologia Reformata*, 33(4):309-332, Des.
- VAN'T SPIJKER, W. 1992. Rechtvaardiging en recht in de kerk: Over de theologische achtergronden van het gereformeerde kerkrecht. *Hervormde Teologiese Studies*, 48(3 & 4):995-1011, Sept./Nov.
- VAN'T SPIJKER, W. 1993. Reformatie en kerkorde. *Theologia Reformata*, 36(3): 78-201, Sept.
- VELEMA, W.H. 1991. Kuypers conceptie van de kerk als organisme kritisch bekeken. *Theologia Reformata*, 34:295-309.
- VERGEER, W. 1993. Teologie en kenteorie. 'n Reaksie op die artikels van Gerrie Snyman. *In die Skriflig*, 27(4):563-582, Des.
- WALLACE, R.S. 1988. Calvin, Geneva and the Reformation. Grand Rapids : Baker Book House.

